

Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:1, 4 (28:1, 4)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog, / ons bid in stille eerbiedenis:
Gee dat u Naam, wat heilig is, / deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 4 Lei ons nie in die donker land, / die wêreld van versoeking, want / ons is so swak. Verlos ons van
die Bose as hy sy vangnet span. / Want U kom toe die majesteit / en krag en eer in ewigheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;
en ook in die swartste nag / op die HERE alleen bly wag.

Gebed

Psalm 31:12, 13 (p. 146)

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 13 Onthou my nie u wonderlig nie: / blik in u goedheid neer, / en red my tog, o HEER!
Laat my nie voor my haters swig nie. / Laat nooit verleë sug nie / wie biddend tot U vlug nie.

Skriflesing: Lukas 22:54-62; Efesiërs 5:10-20; 1 Petrus 5:8-11;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 12

Kernvers: 1 Petrus 5:8-11

Wees nugter, wees waaksaam! Julle vyand, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur. God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen. (1 Petrus 5:8-11 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 12

Die Skepping van Alle Dinge, veral van die Engele

Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.

Sommige van die engele het uit die verhevenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is.

Soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daaglik hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.

Jes 40:26; Matt 28:19; 1 Joh 5:15; Hand 5:3; 1 Kor 3:16; 6:11; Rom 8:9; Kol 1:16; 1 Tim 4:3; Heb 3:4; Open 4:11; 11:16; Heb 1:14; Ps 103:21; 34:8; Joh 8:44; 2 Pet 2:4; Luk 8:31; Matt 25:41; Hand 23:8; Matt 4.

Tema: Ons vyand, die duivel, is springlewendig; volhard in die stryd teen hom.

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die grootste leuen wat die mense in die duivel se guns kon versprei, was dat die duivel nie bestaan nie. Die feit dat daar mense is wat nie wil glo dat die duivel bestaan nie, verminder egter nie sy invloed nie. Inteendeel, hoewel die duivel soos 'n leeu met slinksheid sowel as met geweld jag maak op die kerk van die Here, kon hy nie vir 'n beter kamoeflering gevra het as juis die leuen dat hy nie bestaan nie. As 'n mens jouself immers wysgemaak het dat iets nie bestaan nie, is jy ook nie meer gepla daarvoor nie en sien jy geen sin daarin om teenstand daarteen te bied nie.

Vir die Satan is hierdie leuen baie gunstig, want nou kan hy voortgaan met sy vernietigingswerk sonder slag of stoot. Hy het nie moeite om hierdie mense in sy mag te kry nie, want hierdie mense, ook sogenaamde kerkmense, wat sy bestaan ontken, val soos ryp vrugte in sy skoot. Met hulle leuen dat hy nie bestaan nie, het hulle eintlik medewerkers van die Satan geword om gelowiges in sy kloue te kry.

Broers, susters en kinders, ons kan sonder twyfel glo dat die duivel bestaan, want God sê vir ons in sy Woord dat hy bestaan. Die Here waarsku ons telkemale teen die duivel se invloed en krag. As die duivel nie sou bestaan nie, dan sou ons moes sê dat die Here maar net besig is om ons bang te praat sodat ons naby Hom sal bly of, nog erger, dan sou ons kon sê dat die Here vir ons lieg. Mag die Heilige Gees ons daarvan bewaar om ooit 'n leuen aan ons Here toe te dig. In Hom is daar geen leuen nie, want Hy self is die waarheid. In Hom is daar geen bedrog nie, want Hy is volmaak goed en regverdig.

Wanneer ons egter sê dat ons glo dat die duivel bestaan en ook hier in ons Nederlandse Geloofsbelydenis die volgende bely van die duivel en sy bose engele: **soos moordenaars loer hulle op die kerk – ook op elke lidmaat – om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes**, wil ons nie nuuskierig alles weet wat daar te wete is van die duivel nie. Ons moenie die duivel in die kollig wil plaas nie, want dan gee ons aan hom meer publisiteit en eer wat hom beslis nie toekom nie.

As die Heilige Gees maar skraps en baie vlugtig van die duivel vir ons skryf in die Bybel, is dit omdat die Here weet dit is al wat ons nodig het om van die duivel te weet. Die Heilige Gees het immers geen begeerte om die nuuskierigheid van die mens te voed met ydele en nuttelose inligting nie. Die Here gee vir ons in sy heilige Woord net wat tot stigting en versterking van ons geloof is. Wat nie tot die stigting en versterking van ons geloof is nie, verswyg Hy. Daarom maak die Here nie meer van die duivel aan ons bekend as wat in die Bybel geskryf staan nie.

Wanneer die Heilige Gees ons dan maan om nugter en waaksaam te wees, want ons vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind, is die Here heilig ernstig. Dit is nie maar net leë woorde nie. So seker as wat die Here leef, so ernstig is hierdie vermaning van die Heilige Gees.

Nog een laaste inleidende opmerking: waar kom die duiwel vandaan? Ons bely in die laaste sin van Artikel 12 dat ons **die dwaling van die Manicheërs verwerp, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie**. Indien Satan en sy engele van ewigheid af bestaan, soos hierdie dwaalleraars, die Manicheërs, beweer, beteken dit dat naas God ook die Satan van ewigheid af bestaan en dat hy nie deur God geskep is nie. Dit is net so 'n groot leuen.

Ons bely immers op grond van die Skrif dat God alles wat bestaan uit niks geskep het. God alleen bestaan van ewigheid af. En niks wat tans bestaan, het sommer vanself ontstaan of bestaan uit sy eie uit nie, ook nie die duiwel nie.

Is die Satan en sy bese engele dan van die begin van die skepping af vyande van God en van alles wat goed is? Geliefdes, indien ons sê dat die Satan en sy bese engele van die begin van die skepping af vyande van God is, sê ons eintlik daarmee dat ons goeie en heilige God bese engele gemaak het. God het niks sleg en boos gemaak nie. Aan die einde van die sesde skeppingsdag het God immers na alles gekyk wat Hy gemaak het en dit was goed, baie goed. Ja, ook die Satan en sy bese engele was aanvanklik goed en heilig, want God het hulle so geskep.

Maar die Satan was nie tevrede met wat die Here ons God aan hom gegee het nie. Hy het teen God in opstand gekom. Wat die aard en omvang van die Satan se opstand teen God was, maak die Heilige Gees nie aan ons bekend nie, ook nie wanneer dit in die geskiedenis van die skepping gebeur het nie. Al wat ons wel kan aflei, is dat die Satan voor die sondeval van die mens teen God in opstand gekom het. Nadat Christus die oorwinning aan die kruis behaal het en opgevaar het na die hemel het die Satan en sy bese engele nie meer toegang tot die hemel nie. Die Heilige Gees skryf daarvan in Openbaring:

In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom (Openbaring 12:8-9 AFR83).

Daarom sê ons Here Jesus dat Hy die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val het.

Die Satan het self bedorwe geword het en sodoende het hy deur sy eie toedoen die wraak van God vir homself op die hals gehaal. God het hom nie boos en sleg gemaak nie; hy het uit sy eie boos en sleg geword. En saam met al sy bese engele **verwag hulle daagliks hulle verskriklike pyniging** wat God vir hulle bestem het. Omdat die Satan Christus nie kon oorwin het nie en hy op die aarde neergegooi is, is hy boos en woedend en **loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind** (1 Petrus 5:8 AFR83).

Geliefdes, wanneer die Here ons dan oproep: **Wees nugter, wees waaksaam! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind** (1 Petrus 5:8 AFR83), wil Hy hê dat ons op ons hoede moet wees vir die duiwel se strikke en streke. Die beeld van 'n brullende leeu is vir ons nie onbekend nie. In die wildtuin of op die televisie het ons al die brute krag van 'n leeu gesien wanneer hy sy prooi oorrumpel en verslind. Vir baie van ons lyk dit maar wreed as die groot leeu 'n ou klein bokkie opvreet.

Die mense vir wie Petrus in die eerste plek hierdie brief geskryf het, het 'n nog wreder prentjie voor hulle geestes oog gesien as hulle van die brullende leeu lees. Menige Christene is deur

uitgehongerde leeu in die arena gejag en opgevrete en dit bloot vir 'n skouspel vir die inwoners van Rome. Soos 'n leeu wat jou bekruip en skielik met sy groot klou plat slaan en verslind, so sluip die duiwel ook hier op die aarde rond en soek die kerk en elke lidmaat van Christus om hulle te verslind.

Ons moet dít weet: hierdie vyand van ons is baie geslepe, uiters vasberade, in krag is hy baie sterk – hy is magtig, hy raak nooit vermoeid nie en dit is vir hom nie moeite om die stryd teen God en die kerk van Christus te voer nie. Verder moet ons ook weet dat hierdie stryd wat die duiwel teen ons gelowiges het net deur die dood beëindig word. So lank as wat ons lewe, is daar nooit 'n tyd dat ons 'n bietjie kan rus nie. Daar is nie een oomblik dat ons effens kan verslap in die stryd nie.

Die duiwel ken ons ook beter as wat ons onself ken. Hy weet dat ons na die sondeval van nature geneig is om eerder vir hom te luister as vir God. En al is ons gelowiges en kinders van God, het ons nog steeds 'n sondige natuur. Elkeen van ons het 'n swak plek. Die een is geneig om vinnig kwaad te word en sommer dinge te sê wat kon gebly het of om sommer in te klim met sy vuiste. 'n Ander een het miskien weer 'n groot swakheid wanneer dit by geld of drank of wat ook al kom. Broer, suster en kind, jy weet self waar jou swak plek is. Weet maar verseker, die duiwel weet ook alte goed van daardie swak plek. Hy sal dus alles in die stryd werp en jou juis op daardie swak plek bly aanval in 'n poging om jou saam met hom in die verderf te kry.

Moet nooit dink omdat jy naby die Here leef, gereeld Bybel lees, bid en in die eredienste kom dat jy van sy aanvalle gevrywaar is nie. Die Here wys ons juis met die lewe van die apostel Petrus dat jy nooit veilig is nie. Petrus het ook gemeen dat hy nie deur die Satan oorval sal word nie. Hy ken mos vir Jesus en het mos drie jaar lank saam met Jesus geleef en gewerk, daarom sal hy mos nie die Here verlaat nie.

En toe ... toe gebeur dit tog soos die Here Jesus hom gewaarsku het. Voordat die haan gekraai het, het Petrus drie maal gesê dat hy nie vir Jesus ken nie en niks met Hom te doen het nie. Petrus het self oor hierdie afgrond getree en in die kloue van die brullende leeu geval. Daarom weet hy waarvan hy praat as hy die kerk waarsku oor die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondloop. Wees wakker en wees waaksaam!

Die gevaar vir ons Christene is nie dat ons hulpeloos voor die Satan te staan kom nie. Juis omdat die Here hierdie enkele penstrepe in verband met die Satan vir ons in die Bybel gegee het, rus Hy ons ook toe. Direk na hierdie waarskuwing om waaksaam en nugter te wees, beveel Hy ons:

Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. (1 Petrus 5:9 AFR83)

Deurdag God sy Gees aan ons gegee het, rus die Heilige Gees ons met die Woord van God toe met die volle wapenrusting. En luister waarvoor gee Hy aan ons die geloof:

Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. (Efesiërs 6:16 AFR83)

Nee, die gevaar is nie dat ons hulpeloos in die stryd teen die Satan is nie. Die Here sal ons immers nooit die stryd instuur sonder enige toerusting nie. Die gevaar vir ons Christene in hierdie stryd is egter by onself geleë. Ons kan miskien onwillig raak om die Satan teë te staan. Ons kan miskien moeg word om te bid en waaksaam te wees. Ons wil miskien nie die volle wapenrusting waarmee God ons toerus aantrek nie, en nie die swaard van die Gees opneem nie. Geliefdes, ons moet die swaard van die Gees opneem. Ons moet die Woord van God bestudeer en vaardig daarin word, want die Satan ken die Bybel baie goed. Hy het nie geskroom om Jesus in die woestyn juis met die woorde van God te versoek tot sonde nie.

Wie vaardig met die swaard van die Gees is, sal ook in staat wees om die verleidings te erken waarmee die Satan kom om die kerk te mislei. Nie elkeen wat met die Bybel onder die arm loop is een van ons nie. Die Satan het menige mense al in sy kloue gekry en as instrumente in sy hand is

daar vele bloedstrepe in die geskiedenis agtergelaat waar gelowiges en kerke deur hulle slinkse woorde van die waarheid af weggerokkel is. Baie van hierdie nagemaakte kerke – sommige van ons noem hulle sommer sektes – verdraai die leer en die evangelie van Jesus Christus so dat 'n mens aanvanklik nie die verskil kan agterkom nie. Maar hulle wat vaardig is met die Woord van God en voortdurend deur die Heilige Gees daarin onderrig word, sal gou genoeg agterkom dat die Satan agter hierdie verdraaiings sit en hulle sal daarvan wegvlug.

Om ons dan te bewaar van die gevaar van laksheid en lusteloosheid, geliefdes, bemoedig die Heilige Gees ons wanneer Hy sê:

En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur (1 Petrus 5:9 AFR83).

In ons stryd teen die Satan is nie een van ons alleen nie. Jou broer en suster daar langs jou is in dieselfde stryd gewikkel. En ons is ook nie alleen hier in Bellville nie. Saam met ons is daar nog menige ander gelowiges hier in Bellville, in Suid-Afrika en dwarsdeur die wêreld wat dieselfde soort lyding verduur.

Juis omdat ons nie alleen die lyding verduur nie, maar in Christus verbind is met al die ander gelowiges wat ook in hierdie stryd gewikkel is, kan ons weet dat ons in 'n geloofsgemeenskap is waarin mense vir mekaar omgee. Die een kan na die ander een luister en begrip hê vir die lyding wat verduur word, kan selfs raad gee in die benadering van hierdie stryd. Maar nog meer, ons kan mekaar bemoedig deur daarop te wys dat hierdie lyding nie maar nutteloos is nie. Juis deur hierdie lyding het ons deel aan die lyding van Christus en ons geloof word gelouter en gesuiwer. Lyding onder die Satan se aanslae is immers inherent deel van Christen wees.

Nou kom die vraag onwillekeurig by 'n mens op, veral as ons hoor hoe fel die stryd met die Satan is: Sal ons staande kan bly in hierdie stryd? Op hierdie vraag gee die Heilige Gees ons die versekering: **God ... wat julle geroep het om in Christus Jesus te deel in sy ewige heerlikheid** (1 Petrus 5:10 AFR83). Elke kind van God is deur God self in Christus bevestig om deel te hê aan sy ewige heerlikheid. Ons moet stry teen die duiwel, ja, en ons moet hom teëstaan, maar op die ou end hang die oorwinning nie van ons af nie, maar van God.

Juis omdat God ons in Christus uitverkies het, met Christus se bloed gekoop het en kinders van Hom gemaak het, sal Hy sorg dat ons enduit staande bly in die stryd. Waarmee die Here ons God eenmaal begin het, maak Hy ook klaar. Hy het begin om ons te verlos en sal sorg dat ons die verlossing ook ten volle verkry. Daarom sal God die Satan nie toelaat om meer te doen as waarvoor God ons toegerus het nie. Ons sal nie bo ons kragte versoek word nie.

Maar wat sal dan met ons gebeur as ons in die stryd verslap en in die Satan se kloue beland het? Elkeen van ons het die een of ander tyd al toegegee aan die Satan of die skild van die geloof laat sak en die brandpyle van die Bose het ons al getref. Petrus weet ook van so 'n toegee aan Satan se aanvalle. Hy het ons Here Jesus verloën, maar die Here het hom weer bevestig in sy diens as apostel van Christus Jesus. God het hom weer opgerig, moedig, sterk en standvastig gemaak. Daarom bemoedig Petrus ook vir jou en my dat die Here sal sorg dat jy nie in die Satan se kloue bly as jy swak geword het nie, want die krag behoort aan God tot in ewigheid.

Geliefdes, wanneer die Here ons in sy Woord iets van die duiwel leer, wil Hy ons nie bang maak of nuuskierig maak nie. Hy wil ons paraat maak en toerus vir die stryd. Mag die Here elkeen van ons met sy Gees en Woord meer en meer paraat maak en toerus sodat ons hierdie vyand van ons met die krag van die Here kan teëstaan. Die stryd waarin die Here ons stuur is nie om ons te verswak nie maar juis om ons geloof te versterk. En as ons ly, deel ons in die lyding van Christus sodat ons God kan verheerlik.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die
Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
14 Oktober 2012